dSondag **6 Oktober**

**Skrifgedeelte: Genesis 9:7-17**

**Fokusgedeelte: Genesis 9:8-11**

**God se uitbreiding van die verbond met die mens**

Ons verstaan ’n verbond as ’n ooreenkoms tussen twee of meer partye wat wedersydse regte en verantwoordelikhede uiteensit. Meeste verbonde van hierdié aard word gesluit tussen mense wat instem tot ’n reëling wat beide partye bevoordeel. Albei betaal ’n prys en albei verwag boetes as hulle nie aan die bepalings van die verbond voldoen nie.

Verbonde tussen God en mense neem egter noodwendig ’n ander karakter aan, omdat mense nie as gelykes met God kan onderhandel nie. Dit is daarom telkens God wat self die inisieerder is van uitbreidings op die aanvanklike verbond soos met Adam gesluit in die paradys.

*“En Ek, kyk, Ek sluit my verbond met julle”* (vs 9a). Dit is God wat hierdie verbond inisieer. God neem Hom voor om nie weer alle lewe deur vloedwaters te vernietig nie, en vereis geen spesifieke reaksie van Noag en sy gesin nie. God sê nie: “Ek sal instem om nie weer alle lewe deur vloedwaters te vernietig AS jy so en so sal doen nie.” God sê eenvoudig: “Ek sluit my verbond met julle: Nooit weer sal alle vlees deur die waters van die vloed uitgeroei word nie; ja, daar sal nie weer ’n vloed wees om die aarde te verdelg nie.”

Goddelike verbonde is nie altyd onvoorwaardelik nie. Soms vereis God ’n reaksie. ’n Paar jaar later sal God vir Abram vra om gehoorsaam te wees en te trek vanuit sy mense na ’n ver land op grond van geloof en vertroue. Nog ’n latere uitbreiding by Sinai bring die uitverkiesde volk onder Goddelike wetgewing wat hulle onderskei van die heidene rondom hulle. So word daar ook op ons as gelowiges in die Nuwe Testament, wat lewe in die nuwe verbond in Christus, geen voorwaarde gestel anders as dat ons die nuwe lewe in Christus met ons hele wese sal omhels nie. Gehoorsaamheid aan God se wet vloei vir ons voort as ’n teken van ons omhelsing.

*Sing: Psalm 105-1:5*

*Ds. GD (Orrie) Oosthuizen (Vaalharts)*